

## TRANSVAAL VOORSLAGTOETSING 31 Oktober 2020

### 1. Voorslagtoetsing 2020

Die skrywe deur AHL Elizma Smith oor die Voorslag proses vir 2020, het verwysing.

Die Voorslagtoetsing, in die formaat van die skriftelike voltooiing van opdragte van al die toetspunte, vind plaas op **Saterdag 31 Oktober 2020**.

Kaart-en-Touwerk word prakties geëvalueer en die toerusting vir die touwerk sal voorsien word. Alle ander evalueringe word teoreties gedoen, insluitend sang, seremonies, spelleiding en situasies.

Alle jeuglede skryf die eksamen in **Formele Voortrekkerdrag** wat dan ook geëvalueer sal word.

### 2. Sluitingsdatum vir inskrywings

Die sluitingsdatum vir inskrywings is **23 September 2020** – **ALLE** spesialisasies moet aasbeëf dan reeds afgehandel wees.

Aangesien hierdie jaar so spesiaal is, sal SAS uitdrukke van spesialisasies en kampe saam met die voltooide P1-vorm per jeuglid aanvaar word. Die SAS uitdruk **MOET** onderteken wees deur die spanoffisier en kommandoleier (met naam en van in drukskrif ook) as bevestiging van die korrektheid van die inligting.

Geen wysings sal na die tyd gedoen word nie.

Indien die SAS-vorm nie ingedien word nie, moet die afskrifte van al die sertifikate aangeheg word.

Nadat alle inskrywings ontvang en verwerk is, sal die inligting rakende die toetslokale aan die kommando's en oorde waar die jeuglid die toetsing gaan aflê; deurgegee word.

### 3. Koste

Die koste beloop: Slegs R50-00 (vyftig rand) per jeuglid.

Die gelde moet asseblief per kommando oorbetaal word in die volgende bankrekening:

Standard Bank

Tak: Arcadia

Takkode: 001545

Rekeningnommer: 016 658 655

Verwysing "VS en eie kommandonaam".

Die bewys van betalings en die kommando rekonsiliasie moet teen 23 September 2020 ontvang word.

### 4. Navrae

Kontak gerus die gebiedskantoor by [kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za](mailto:kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za) of (012) 430 3914 / 082 856 2981, indien daar enige navrae is.

Voortrekkergroete,

**Anine Wheeler**

AGL Penkop en Drawwertjies

KOERS